

AANSPREEKLIKHEID VIR SPORTBESERINGS

Hattingh v Roux 2011 5 SA 135 (WKK)

1 Inleiding

Sport het sedert die middel van die twintigste eeu 'n belangrike deel van ons samelewing geword. Professionele sport in die besonder het ontwikkel in 'n wêreldwye bedryf ter waarde van honderde miljarde dollars. Daarmee saam het die gedagte van sport as blote ontspanning en tydverdryf ook tot 'n groot mate tot niet gegaan. Internasionale sportsterre word bykans oornag skatryk. Nie alleen

word hulle besonder ruim vergoed vir hulle vaardighede op die speelveld nie, maar beroemde sportlui beskik ook oor 'n bepaalde werfkrag wat beteken dat bemarkers bereid is om astronomiese bedrae geld te betaal ten einde beroemde sportsterre in reklame te gebruik.

Die wêreld van sport is egter ook 'n hoogs mededingende en soms wrede wêreld waar lojaliteite dun gesaai lê. Sportsterre is dikwels verskietende sterre wat vir 'n oomblik helder skyn en dan uitbrand en in die vergetelheid verdwyn. Maar solank hulle skyn moet hulle soveel moontlik voordeel put uit hulle vaardighede en die gepaardgaande roem. Wanneer hierdie vaardighede begin taan, word gister se sporthelde al te maklik vandag vergeet om plek te maak vir nuwe helde. Dit is veral die risiko van besering wat 'n groot skadu oor die loopbaan van enige professionele atleet werp en menige belowende loopbane is al kortgeknip deur ernstige beserings. 'n Mens sou dan ook verwag dat professionele sportlui wat beseer word van tyd tot tyd regsginge sou instel om vergoeding en genoegdoening te eis van diegene wat vir die beserings verantwoordelik is.

Dit is egter ironies dat hoofsaaklik junior- en/of amateur sportlui betrokke was waar regsginge weens sportbeserings hier ter plaatse en elders in ander jurisdiksies inderdaad ingestel is. Die saak van *Hattingh v Roux* (2011 5 SA 135 (WKK)) is weereens 'n geval waar 'n juniorspeler 'n deliktuele eis ingestel het weens 'n ernstige nekbesering wat die speler tydens 'n rugbywedstryd opgedoen het.

2 Feite

Hattingh was 'n rugbyspeler wat in die voorry op haker vir die onder-negentien A-span vir Labori Hoërskool gespeel het. In Julie 2005 het die span van Labori teen die span van Stellenbosch Hoërskool gespeel. In die Stellenbosch-span was Roux op haker die direkte teenstander van Hattingh in die skrum (par 1).

Die reëls van rugby bepaal dat 'n skrum op 'n bepaalde manier saamgestel moet word. Veral van belang in hierdie geval, is reël 20.1(g) wat bepaal dat die voorrye van die opponerende spanne, elk bestaande uit drie spelers, op so wyse moet bind dat geen speler se kop langs die kop van een van sy eie spanmaats sal wees nie. Die voorrye vorm dus bepaalde “kanale” waar elke speler se kop afwisselend moet inskuif wanneer die skrum bind.

Vroeg in die betrokke wedstryd het die skeidsregter 'n skrum toegeken. Terwyl die spelers besig was om die skrumformasie te vorm, het Roux 'n kodewoord “jack-knife” geroep en dit is deur ander spelers in die Stellenbosch skrum herhaal (par 10, 50). Die betrokke kodewoord was oënskynlik 'n teken dat die Stellenbosch voorspelers in daardie skrum 'n bepaalde taktiek sou volg om die voorspelers van Labori fisies te oorweldig (par 59). Met die daaropvolgende bind van die skrum het Roux na regs beweeg, in die verkeerde kanaal gesak en sy kop ingedwing in die kanaal waar Hattingh se kop moes gaan. Dit was nie alleen in stryd met rugbyreël 21.1(g) nie, maar ook 'n uiters gevaarlike beweging. Hattingh se kop het so hard teen Roux se skouer gebots, dat Hattingh se nek gebreek het (par 10).

As gevolg van die gevaarlike beweging wat Roux uitgevoer het, het Hattingh se vader, as voog van sy minderjarige seun, 'n eis op grond van delik teen Roux, die afrigter van die Stellenbosch-span, die skoolhoof van Stellenbosch Hoërskool en die Wes-Kaapse Lid van die Uitvoerende Raad vir Kultuur en Sport ingestel. Hoewel dit duidelik geblyk het dat die afrigter onbewus was van die kodewoord “jack-knife” (par 52) en die ongeoorloofde taktiek wat daarmee gepaard gaan, het die afrigter, skoolhoof en LUR 'n skikking met Hattingh bereik en die saak het slegs teen Roux voortgegaan (par 2).

Roux het die bewering dat hy 'n gevaarlike beweging gemaak het ontken en sy verweer het voorts daarop berus dat Hattingh, deur aan 'n kontak sport soos rugby deel te neem, toegestem het tot die risiko van benadeling en dat Roux derhalwe nie aanspreeklik behoort te wees vir Hattingh se besering nie (par 4).

3 Uitspraak

Die hof het die getuienis van Hattingh, Roux en die deskundige getuies, twee voormalige Springbokrugbyspelers en huidige voorry-afrigters en een van die mees ervare rugby-skeidsregter ter wêreld, oorweeg. Nie alleen het Roux homself tot 'n mate weerspreek nie, maar foto's wat tydens die betrokke skrum geneem is, het ook ernstige twyfel op Roux se weergawe van gebeure geplaas (par 55). Die hof bevind derhalwe dat Roux inderdaad in stryd met die reëls van rugby, tydens die vorming van die betrokke skrum, sy kop in die verkeerde kanaal gedwing het. Die hof kom voorts tot die gevolgtrekking dat Roux doelbewus sy kop in die verkeerde kanaal gedwing het en dus met opset gehandel het (par 66, 72).

Die hof aanvaar skynbaar ook sonder omhaal dat Hattingh inderdaad nadeel gelei het en dat die nadeel die gevolg van Roux se gevaarlike beweging was (par 66). Hattingh slaag dus daarin om te bewys dat Roux se optrede aan vier delikselemente voldoen. Wat die ontbrekende element aanbetref, is die hof egter besorg oor die vraag of Roux se optrede onregmatig was, al dan nie (par 67).

Onregmatigheid word bepaal aan die hand van die geïkete *boni mores*-maatstaf. Om te bepaal of 'n handeling onregmatig is, maak die hof 'n waarde-oordeel aan die hand van die omstandighede van die betrokke geval, redelikheid, die positiewe moraal, beleid en die regsopvattinge van die gemeenskap (par 16, 17).

Selfs al sou die optrede van die verweerder oënskynlik onregmatig wees, is daar bepaalde regverdigingsgronde wat die optrede van die verweerder verskoonbaar maak. In die milieu van sport is dit hoofsaaklik *volenti non fit iniuria* wat dikwels daartoe lei dat 'n speler wat beseer word geen eis op grond van die betrokke besering kan instel nie (par 18). Regter Fourie verduidelik (par 11) dat rugby 'n kontak sport is wat teen 'n hoë tempo gespeel word, met die gevolg dat daar altyd 'n risiko van besering sal wees. Die inherente risiko van besering wat rugby inhou, beteken egter nie dat spelers wat beseer word nie in gepaste gevalle steeds deliktuele eise kan instel teen diegene wat die beserings veroorsaak het nie.

In die geval van 'n eis op grond van 'n sportbesering speel die kultuur van die betrokke sport, soos vervat in die reëls, gebruike en gewoontes, 'n belangrike rol om te bepaal tot welke mate die beseerde speler toegestem het tot die risiko van besering. Die omstandighede waarin die besering plaasgevind het, is ook hier ter sake (par 24).

Uit die aard van die saak stem elke speler in tot die risiko van beserings aan die hand van spel wat deur die reëls veroorloof word. Daar is egter ook sekere optrede wat, hoewel dit streng gesproke nie ooreenkomstig die reëls van die sport geskied nie, redelikerwys te wagte kan wees in enige rugbywedstryd en daarom ook regmatig sal wees. Hier dink mens byvoorbeeld aan 'n speler wat vanuit 'n onkant posisie geduik word of laat geloop word nadat die speler reeds van die bal ontslae geraak het (par 26-27). Aangesien sodanige oortredings van die reëls taamlik algemeen voorkom, word elke speler geag om ook tot die risiko wat daarmee gepaard gaan, in te stem en sal 'n speler wat in sulke omstandighede beseer word, waarskynlik nie met 'n eis kan slaag nie. Waar die besering egter voortspruit uit 'n ernstige oortreding van die reëls wat nie gewoonlik met die betrokke sport vereenselwig

word nie, is die optrede onregmatig en behoort die beseerde speler te kan slaag met 'n deliktuele eis (par 27).

Die deskundige getuies was dit eens dat die “jack-knife”-taktiek ongehoord en uiters gevaarlik is en dat mens nie sou verwag dat 'n haker tydens die vorming van 'n skrum sy kop in die verkeerde kanaal sou dwing nie (par 68-70). Dit plaas Roux se optrede in die klas van ernstige oortredings wat nie inbegrepe is by die inherente risiko van besering verbonde aan rugby waartoe spelers toestem nie (par 71). Gevolglik bevind die hof dat Roux inderdaad aanspreeklik is vir die beserings wat Hattingh tydens die gewraakte skrum opgedoen het.

4 *Historiese oorsig*

Die Romeine het 'n hoë premie geplaas op liggaamlike fiksheid en krag en die spele in die arenas het met heelwat geweld gepaard gegaan (Strauss “Bodily injury and the defence of consent” 1964 *SALJ* 179 332). Dit is daarom nie verbasend nie dat die Romeine reeds die problematiek rondom aanspreeklikheid vir sportbeserings sou aanspreek. Ulpianus het aangedui dat waar iemand in 'n openbare stoei- of boksegeveg sy teenstander sou dood (of beseer), die *Lex Aquilia* nie van toepassing sou wees nie (*D* 9 2 7 4), met die gevolg dat die benadeelde nie 'n deliktuele eis sou kon instel nie. Dit is waarskynlik weens toepassing van die beginsel dat iemand wat toegestem het tot moontlike nadeel nie die teenparty deliktueel aanspreeklik kon hou nie (*D* 39 3 9 1). Ook Alfenus was van mening dat die *Lex Aquilia* nie van toepassing sou wees nie waar iemand tydens 'n balspel sou poog om die bal op te tel en in die proses teen 'n slaaf sou bots sodat die slaaf sou val en sy been breek. Maar Ulpianus waarsku dat waar 'n teenstander in 'n geveg die aftog blaas en onttrek, dit onregmatig sou wees om hom dan steeds 'n besering toe te dien (*D* 9 2 7 4). Die verweer van toestemming was dus in die Romeinse reg nie onbegrens nie en waar 'n deelnemer op laakbare wyse 'n teenstander sou beseer, kon daardie deelnemer inderdaad aanspreeklik gewees het.

Die beginsels van die Romeinse reg met betrekking tot sportbeserings is ook in die reg van Holland geresipieer. Voet (*Commentarius ad Pandectas* 9 2 24) herhaal die standpunte hierbo. Hy verduidelik dat iemand nie aanspreeklik is vir beserings veroorsaak tydens 'n openbare wedstryd nie aangesien dit nie met kwade bedoelings veroorsaak is nie, maar weens die geleentheid vir roem en manhaftigheid. Ook De Groot (*Inleidinge tot de Hollandsche Regts-geleertheit* 3 34 10) verduidelik dat die deliktereg nie 'n remedie bied aan iemand wat beseer word waar “zijn haer tot vrywillig gevegt hebben begeven” nie.

5 *Vergelykende oorsig*

Regsgedinge wat ontstaan weens ernstige nekbeserings wat tydens rugbywedstryde en veral tydens skrums opgedoen is, is niks nuuts nie. In die 1980s het twee rugbyspelers, Hyde en Worsley, wat nekbeserings tydens skrums opgedoen het, in Nieu Suid-Wallis deliktuele eise teen onder andere bestuurslede van die Internasionale Rugbyraad ingestel. Ten tyde van die beserings was Hyde 18 jaar oud en Worsley 19 jaar oud. Beide eisers het op haker gespeel en beide is beseer toe die teenstanders se skrum, in stryd met die reëls, gepoog het om die skrum te vorm voordat die ander span behoorlik hulle skrum kon saamstel. Beide eisers het beweer dat die verweerders nalatig was deurdat hulle, as raadslede van die Internasionale Rugbyraad, versuim het om die reëls aan te pas sodat skrums veiliger sou wees.

Hierdie gedinge het uiteindelik in 2000 gesamentlik op appèl voor die hooggeregshof van Australië gedien (*Agar v Hyde* 201 CLR 552).

Regter Gaudron verduidelik (par 126) dat rugby berug is as 'n gevaarlike spel waar spelers aggressief kontak maak. Alle spelers, maar veral spelers in die voorry, loop die gevaar van ernstige besering. Die eisers kon nie onbewus gewees het van hierdie risiko nie. Waar spelers vrylik aan sport deelneem word vermoed dat hulle die reëls van die spel ken en verstaan dat daar risiko's aan deelname verbonde is. Gevolglik bevind die hof dat die eise nie kan slaag nie.

In *Rootes v Shelton* 1968 ALR 33, waar 'n waterskiër beseer is, beslis hoofregter Barwick in die hooggeregshof van Australië dat iemand wat aan 'n sport deelneem geag word toe te gestem het tot daardie risiko's wat inherent aan die betrokke sport is. Die hof moet telkens 'n feitebevinding maak aangaande die aard en omvang van die risiko's wat aldus aanvaar word. Die reëls van die betrokke sport is een faktor wat die hof hier in ag moet neem, maar dit is nie noodwendig deurslaggewend nie sodat 'n oortreding van die reëls nie noodwendig daardie aanvaarding van risiko sal negeer nie.

Regsgedinge weens beserings in rugby het ook in Engeland voorgekom. Die geval van *Simms v Leigh Rugby Football Club Ltd* (1969 2 All ER 923 (Ass)) het te make met 'n rugbyspeler wat 'n veelvuldige breuk van die tibia en fibula in sy regterbeen opgedoen het. Die eiser het op vleuel vir Oldham rugbyklub gespeel in 'n wedstryd teen Leigh rugbyklub op laasgenoemde se tuisveld. In die verloop van die wedstryd het die eiser die bal ontvang en vir die hoekvlag gemik in 'n poging om 'n drie aan te teken. Die eiser het vir die doellyn geduik en is deur teenstanders gelak. In die proses het die spelers oor mekaar getol en die eiser se been is gebreek. Dit is nie duidelik of die breuk veroorsaak is deur kontak met die stewel van 'n teenstander of kontak met die muur wat die speelveld van die pawiljoen geskei het nie. Die betrokke muur het ongeveer 2.2 meter (sewe voet drie duim) vanaf die kantlyn al langs die speelveld geloop. Regter Wrangham bevind dat die eiser nie kon bewys dat die besering te wyte was aan kontak met die muur nie. Aangesien rugby 'n fisieke sport is waar sterk jong spelers mekaar met mening loop kan ernstige beserings redelikerwys van tyd tot tyd te wagte wees. Daar was voorts geen aanduiding dat enige van die Leigh-spelers onbehoorlik opgetree het toe hulle die eiser geduik het nie. Regter Wrangham verduidelik ook dat selfs indien die besering deur kontak met die muur veroorsaak is, die posisie nie anders sou gewees het nie. Die speelveld het in alle opsigte voldoen aan die reëls van rugby en die muur was effens verder as die 2.14 meter (sewe voet) wat in die reëls as veilige afstand vanaf die kantlyn neergelê is. Hoewel dit voorsienbaar was dat spelers soms heelwat verder as 2 meter buite die speelveld gestamp kon word, was dit 'n verskynsel wat selde voorgekom het sodat dit regtens nie nodig sou wees om spelers teen daardie risiko te beskerm nie. Gevolglik kan die eis nie slaag nie.

In *Smoldon v Whitworth* (1997 ELR 115; op appèl gehandhaaf 1997 ELR 249) is 'n rugbyskeidsregter aanspreeklik gehou op grond daarvan dat hy versuim het om behoorlike beheer uit te oefen oor 'n onder-negentien rugbywedstryd. Die skeidsregter het oënskynlik nie ag geslaan op reëls wat daarop gemik is om veilige skrum te bevorder nie en daardeur deurgaans toegelaat dat die skrum in duie stort. Hy het veral die "hurk-raak-wag-sak"-prosedure vir die vorming van 'n skrum wat destyds deur die Staffordshire skeidsregtersvereniging vir onder-negentien wedstryde voorgeskryf is (en vandag op alle vlakke van die spel vereis word), verontagsaam. Die betrokke skeidsregtersvereniging het in 'n omsendskrywe sy lede gewaarsku om die prosedure te volg en dat hulle aanspreeklik gehou kan word vir beserings indien hulle sou versuim om dit te doen. Daarbenewens het die lynregters, toeskouers

en spelers die skeidsregter gewaarsku dat die skrumms buite beheer en gevaarlik was, maar die skeidsregter het nie ag geslaan op die waarskuwings nie. Met die soveelste skrum wat tydens die betrokke wedstryd in duie gestort het, het een van die voorryspelers sy nek tot so 'n mate beseer dat hy in 'n kwadruplegiese toestand gelaat is. Die beseerde speler het in 'n daaropvolgende eis teen die skeidsregter geslaag. Griffith-Jones (*Law and the Business of Sport* (1997) 23) meen dat die hof tereg bevind het dat 'n skeidsregter op grond van die Engelsregtelike beginsels 'n sorgsaamheidsplig (*duty of care*) teenoor die spelers het en daarom teenoor 'n speler aanspreeklik kan wees indien die skeidsregter nie die sorgsaamheidsplig nakom nie. Dit is egter nie elke versuim wat noodwendig op skending van die sorgsaamheidsplig neerkom en 'n skeidsregter aanspreeklik sal stel nie. Die feite in die *Smoldon*-saak dui op 'n ernstige pligversuim deur die skeidsregter. Hy het reëls wat daarop gerig was om skrumms veiliger te maak, verontagsaam en nie gehoor gegee aan herhaalde waarskuwings om beheer te neem oor die situasie nie.

Die Engelse howe het weer in *Vowles v Evans* (2003 1 WLR 1607 (CA)) voor 'n soortgelyke vraag te staan gekom. Die eiser is beseer terwyl hy op haker vir Llanharan rugbyklub gespeel het in 'n wedstryd teen Tondy rugbyklub waar die eerste verweerder die skeidsregter was. Daar het heelwat reën die vorige aand geval en die veld was swaar. Tydens die eerste helfte het een van Llanharan se stutte sy skouer ontwig en hy moes die veld verlaat. Llanharan het egter nie nog 'n voorryspeler op die plaasvervangersbank gehad om die beseerde speler te vervang nie. Die skeidsregter het aangedui dat die wedstryd ingevolge reël 3.13(d) met onbetwiste skrumms voortgesit moes word, maar dit sou tot gevolg hê dat Llanharan geen ligapunte vir die betrokke wedstryd sou kon verwerf nie. Na gesprekke tussen die skeidsregter, die kaptein van Llanharan en sy spelers, is besluit dat een van Llanharan se flanke, wat jare gelede op 'n laer vlak in die voorry gespeel het, die plek van die beseerde stut sou neem. Dit was in stryd met reël 3.5 wat bepaal dat slegs behoorlik afgerigte en ervare spelers in die voorry mag speel. Die betrokke speler was skynbaar nie opgewasse vir die posisie nie en na die plaasvervanging het verskeie skrumms in duie gestort. Kort voor die einde van die wedstryd was Llanharan nog voor met drie punte teenoor nul. 'n Skrum is naby die Llanharan-doellyn aan Tondy toegeken en die Tondy-voorspelers het gepoog om die skrum oor die doellyn te stoot en daarmee 'n drie te druk wat die wedstryd in hulle guns sou beklink. Die skrum het egter nie behoorlik gevorm nie. Aangesien die plaasvervanger-stut nie die korrekte posisie kon inneem of handhaaf nie, het die eiser se kop so hard teen die skouer van sy teenstander gestamp dat sy nek gebreek het. Die eiser stel daarop 'n eis in teen onder andere die skeidsregter, sy spanmaat wat as plaasvervanger in die voorry geskrum het en die kaptein van Llanharan. Die hof beslis weereens dat die skeidsregter nie die sorgsaamheidsplig wat volgens Engelse reg op hom gerus het, nagekom het nie en dus aanspreeklik moet wees vir die besering. Weereens dui die feite van hierdie geval op ernstige pligversuim deur die skeidsregter. Die reëls van rugby maak dit baie duidelik dat die skeidsregter tydens 'n wedstryd die enigste beoordelaar van die feite en die reëls is (r 6.A.4). Die reëls maak dit ewe duidelik dat slegs behoorlik afgerigte en ervare spelers in die voorry mag speel en dat die skeidsregter onbetwiste skrumms moet gelas indien daar nie voldoende afgerigte en ervare spelers is om die spel op voorry voort te sit nie. Die eerste verweerder moes doodeenvoudig die beslissing gemaak het, maar het die besluit aan die spelers afgewentel en daardeur sy sorgsaamheidsplig teenoor die spelers versuim.

Dit is nie alleen rugbybeserings wat al tot eise gelei het nie. In *Condon v Basi* (1985 2 All ER 453 (CA)) moes die hof beslis of 'n sokkerspeler aanspreeklik kon wees vir die besering van 'n teenstander. Tydens 'n plaaslike sokkerwedstryd het die

respondent die bal gedribbel. Die appellant het gepoog om die bal by die respondent af te neem en 'n duikslag uitgevoer waartydens die respondent se been gebreek is. Die hof verduidelik dat die spelers 'n bepaalde sorgsaamheidsplig teenoor mekaar het. Die omvang van hierdie plig hang egter af van verskeie faktore, soos die reëls, gebruike en gewoontes van die betrokke sport. Daarbenewens aanvaar elke deelnemer die risiko van besering wat noodwendig met die betrokke sport gepaard gaan. Die hof verwys met goedkeuring na die uitspraak in die Australiese saak van *Rootes v Shelton* en bevind dat die reëls van die sport in hierdie opsig nie deurslaggewend is nie. Die blote oortreding van 'n reël beteken nie noodwendig dat die betrokke speler sy sorgsaamheidsplig teenoor die ander spelers verontagsaam nie. *In casu* is die duikslag in stryd met die reëls laat uitgevoer nadat die respondent reeds die bal vorentoe geskop het. Daarbenewens het die skeidsregter getuig dat die appellant in die duikslag sy voete tussen 25 en 40 sentimeter (nege tot twaalf duim) van die grond gelig het terwyl hy voete-eerste op die respondent ingedui het. Die duikslag was nie alleen uiters gevaarlik nie, maar ook so 'n ernstige oortreding van die reëls dat die appellant met 'n rooi kaart van die veld gestuur is. Die hof bevind in die lig daarvan dat die appellant nie sy sorgsaamheidsplig teenoor die respondent nagekom het nie en handhaaf die bevinding in die hof *a quo* wat hom aanspreeklik stel.

Owerhede in Engeland het die vraag rondom aanspreeklikheid weens sportbeserings een stap verder geneem deur in sommige gevalle strafregtelike vervolgings in te stel. In *R v Bradshaw* (1878 14 Cox CC 83) het die beskuldigde tydens 'n sokkerwedstryd gepoog om die bal by 'n teenstander af te neem en 'n duikslag uitgevoer. In die proses het die spelers geval en die beskuldigde se knieë het die teenstander met soveel geweld in die maag getref dat hy aan sy beserings beswyk het. Lord Bramwell verduidelik aan die jurie dat die reëls van sport nie kan magtig wat regtens ongeoorloof is nie. Maar, waar die reëls op die oog af regmatig is en 'n speler hou by die reëls en gebruike van die betrokke sport, tree die speler nie onregmatig op wanneer hy 'n ander speler in die proses beseer nie. Die jurie het die beskuldigde vrygespreek.

In *R v Davies* (1991 12 Cr App R 308) het twee opponerende spelers tydens 'n sokkerwedstryd gebots. 'n Vryskop is toegeken en terwyl die spelers gewag het dat die vryskop geneem word, het die beskuldigde sy teenstander met sy vuus in die gesig geslaan sodat sy teenstander se wangbeen gebreek is. Die appèlhof beslis dat die optrede van die beskuldigde die ernstigste oortreding van die reëls tydens 'n sokkerwedstryd was en dat die jurie in die hof *a quo* die korrekte bevinding gemaak het toe hulle die beskuldigde skuldig bevind en tot ses maande gevangenisstraf gevonniss het. In *R v Moss* (2000 1 Cr App R 64) is 'n skuldigbevinding en vonnis tot agt maande gevangenisstraf gehandhaaf waar die beskuldigde tereggestaan het omdat hy tydens 'n rugbywedstryd 'n teenstander met die vuus geslaan en sy oogbank gebreek het. Regter Potts beaam die standpunt van die hof *a quo* dat rugby 'n kontak sport is en dat ernstige beserings van tyd tot tyd mag voorkom, maar dat rugby nie 'n lisensie vir boewery is nie. (Sien ook *R v Johnson* 1986 8 Cr App R 343, waar 'n rugbyspeler tot ses maande gevangenisstraf gevonniss is omdat hy tydens 'n wedstryd 'n stuk uit 'n teenstander se oor gebyt het.)

'n Skuldigbevinding en vonnis tot gemeenskapsdiens is in *R v Barnes* (2005 1 Cr App R 30) op appèl tersyde gestel. Die beskuldigde het tydens 'n sokkerwedstryd gepoog om die bal by 'n teenstander af te neem en 'n duikslag uitgevoer waartydens die teenstander se been ernstig beseer is. Lord Woolf beslis dat spelers, deur deel te neem aan 'n bepaalde sport, stilswyend toestem tot die risiko van besering. Waar die optrede egter verder gaan as dit wat 'n speler redelikerwys te wagte kan wees of

waartoe 'n speler regtens kan toestem, kan die speler wat die besering veroorsaak het, aanspreeklik gehou word.

Of dit nou deliktuele (*tort*) of strafregtelike aanspreeklikheid is, toestemming tot die risiko van besering is in die Engelse reg die belangrikste grond wat onregmatigheid uitsluit in die geval waar een speler 'n ander beseer. Om die omvang van toestemming vas te stel moet daar eerstens gekyk word na die reëls van die betrokke sport. Maar die kultuur van die sport, soos blyk uit die gebruike, gedragskodes, taktiek en oortredings wat dikwels voorkom, speel ook 'n rol om te bepaal tot watter mate die spelers toestem tot die risiko van besering (Pendlebury "Perceptions of playing culture in sport: The problem of diverse opinion in the light of Barnes" 2006 *Entertainment and Sports LJ* <http://www2.warwick.ac.uk/fac/soc/law/elj/eslj/issues/volume4/number2/pendlebury> (21-04-2012)).

Strafregtelike vervolging wat voortspruit uit gebeure op die sportveld of die bokskryt het ook in New York voorgekom. In *People v Fitzsimmons* (11 NY Crim R 391) is 'n bokser vervolg nadat sy teenstander gesterf het weens 'n besering wat hy tydens 'n boksegeveg opgedoen het. Regter Ross verduidelik aan die jurie dat waar die reëls en gebruike van 'n sport redelik is, nie geneig sal wees om ernstige besering of dood mee te bring nie en al die betrokkenes daartoe ingestem het, dan is enige besering of dood wat uit die betrokke sport voortspruit, 'n ongeluk en nie strafbaar nie. Die jurie bevind dat die reëls van boks redelik is en dat die houe wat die oorledene getref het, binne die perke van die reëls plaasgevind het.

Ook in Kanada is spelers strafregtelik vervolg weens beserings wat op die sportveld veroorsaak is. 'n Yshokkie-speler is in *R v Gray* (24 CR 3d 109) in Saskatchewan skuldig bevind aan aanranding. 'n Bakleiere het tydens 'n wedstryd tussen die spelers op die ys uitgebreek. Een van die spelers het teruggestaan en die bakleiere van 'n afstand aanskou. Die beskuldigde, wat op daardie tydstip op die plaasvervangerbank gesit het, het in stryd met die reëls op die ys gespring en die speler wat teruggestaan het, met die vuus bewusteloos geslaan. Regter Allan aanvaar dat yshokkie 'n lewendige en mededingende sport is waar heelwat fisieke kontak plaasvind. Die optrede van die beskuldigde was egter nie insideneel tot die normale verloop van die spel op die ys nie, maar het plaasgevind nadat die spel onderbreek is. Dit kan nie vereenselwig word met spel wat redelikerwys tydens 'n wedstryd te wagte kan wees nie. (Sien ook *R v Henderson* 1976 5 WWR 119 vir 'n soortgelyke geval in Brits-Columbië; *R v Watson* 26 CCC 2d 150 vir 'n geval in Ontario waar 'n yshokkie-speler skuldig bevind is aan aanranding nadat hy 'n teenstander met sy hokkiestok gewurg het.)

In *R v Cey* (75 Sask R 53) het 'n speler tydens 'n yshokkiewedstryd 'n teenstander van agter teen die veiligheidskerms gestamp. Appèlregter Gerwing (ar Cameron instemmend) beslis in die Saskatchewan appèlhof dat 'n speler wat aan 'n yshokkiewedstryd deelneem, daardeur toestem tot 'n mate van liggaamlike kontak en die risiko van beserings. In hierdie verband word die reëls van die betrokke sport oorweeg, maar 'n speler stem ook toe tot die risiko verbonde aan gevalle in stryd met die reëls maar wat val binne die aanvaarde standarde waarvolgens die spel gespeel word. In *R v Ciccarelli* (54 CCC 3d 121) beslis adjunk-hoofregter Corbett in Ontario dat 'n objektiewe toets aangewend word om te bepaal tot watter mate 'n speler toestem tot die risiko van besering. Verskeie faktore word in hierdie verband in ag geneem, met inbegrip van die aard van die sport, of dit amateur- of professionele spelers is, die mate van geweld wat gepleeg is, die mate waartoe die optrede 'n risiko van besering inhou en die wilsingesteldheid waarmee die beskuldigde opgetree het. *In casu* is 'n yshokkie-speler skuldig bevind aan aanranding nadat hy 'n teenstander oor die kop geslaan het met sy hokkiestok.

Daarteenoor is twee yshokkiepelers in Saskatchewan onskuldig bevind aan aanranding nadat humeure tydens 'n wedstryd opgevlam het en hulle mekaar met hulle stokke gestamp en geslaan het. Beide is strafregtelik vervolgt (*R v Maki* 14 DLR 3d 164; *R v Green* 16 DLR 3d 137). Die voorval het plaasgevind in die hitte van die stryd terwyl die twee spelers om die hokkieghoen meegeding het. In die twee sake is bevind dat die spelers instinktief opgetree het in die hitte van die stryd en dat hulle optrede binne die redelike perke van professionele yshokkie was.

Aanspreeklikheid weens sportbeserings het ook in Duitsland ter sprake gekom, weliswaar nie ten opsigte van rugby nie, maar wel ten opsigte van sokker en basketbal. In een geval (1975 NJW 109) het 'n verdediger 'n duikslag uitgevoer in 'n poging om die bal by 'n aanvallende speler af te neem. In die proses het die twee spelers kontak gemaak en die aanvallende speler het 'n oop fraktuur aan sy regter enkel opgedoen wat later septies geword het. Die *Bundesgerichtshof* beslis dat die spelers deur hulle deelname in 'n sokkerwedstryd in beginsel aanvaar dat beserings 'n algemene deel van die spel is wat nie vermy kan word nie. Hierdie aanvaarding van risiko word objektief beoordeel sodat enige voorbehoude wat 'n bepaalde speler mag hê nie in ag geneem word nie. In 'n spel waar daar om die bal meegeding word, is dit te wagte dat spelers soms onagsaam sal wees en dat dit tot beserings kan lei. In die normale gang van sake word al die spelers tot dieselfde mate blootgestel aan die risiko van besering en daarom behoort spelers normaalweg nie aanspreeklik te wees wanneer 'n ander speler beseer word nie. Dit is selfs die posisie waar 'n besering plaasvind terwyl 'n speler, weens oorywerigheid, voortvarendheid, gebrek aan vaardigheid of uitputting, basiese oortredings van die reëls begaan. Spelers moet dikwels in 'n oogwink in die hitte van die stryd besluite neem en selfs die beste speler sal van tyd tot tyd foute begaan. Om te slaag met 'n eis ooreenkomstig artikel 823 van die *Bürgerliches Gesetzbuch* (*BGB*) moet die eiser gevolglik bewys dat die ander speler in die veroorsaking van die besering 'n buitengewone oortreding van die reëls begaan het.

In die geval van *Leitsatz/Gründe* (1976 NJW 2161) moes die *Bundesgerichtshof* bepaal of 'n basketbalspeler ooreenkomstig artikel 823 *BGB* aanspreeklik sou wees vir beserings wat 'n teenstander weens 'n persoonlike fout tydens 'n wedstryd opgedoen het. 'n Persoonlike fout kom voor wanneer een speler, in stryd met die reëls van die spel, fisiese kontak met 'n teenstander maak deur hom te stamp, stoot, blok, ensovoorts. Die hof moes veral bepaal of 'n speler wat 'n persoonlike fout begaan het, ooreenkomstig artikel 276 *BGB* versuim het om die nodige sorgsaamheid aan die dag te lê en dus nalatig was. Die hof beslis dat nie elke geringe oortreding van die reëls neerkom op versuim om die nodige sorg aan die dag te lê nie. Dit is immers duidelik dat enige basketbalspeler wat om die bal meeding van tyd tot tyd persoonlike foute sal begaan. Gevolglik kan 'n speler nie aanspreeklik gehou word vir beserings wat voortspruit uit spel wat 'n taamlik algemene verskynsel in die betrokke sport is nie.

Die saak van *Hattingh v Roux* is ook nie die eerste maal dat sportbeserings in Suid-Afrika tot litigasië aanleiding gegee het nie. In *Boshoff v Boshoff* (1987 2 SA 694 (O)) het die eiser tydens 'n sosiale muurbalwedstryd 'n oogbesering opgedoen nadat die verweerder se raket uit sy hand geglip en die eiser teen die kop getref het. Regter Kotze verduidelik (700F-1):

“dit is klaarblyklik nie *contra bonos mores* wanneer wilsvermoënde mense toestem om in die loop van regmatige sport of fisiese rekreasie bepaalde redelike liggaamlike beserings, veroorsaak deur ander deelnemers, te ondergaan nie. Net so is dit ook nie onregmatig om toe te stem om die risiko van liggaamlike beserings opgesluit in die redelike gedrag van medespelers, op sigself te neem nie. Daarom is dit nodig dat 'n *bona fide* sportman wat 'n medespeler per ongeluk ... op redelike wyse 'n besering toedien hierdie verweer [*volenti non fit iniuria*] ... tot beskikking kan hê.”

Hy beslis voorts:

“dat dit nie bewys is dat hier enige onregmatige daad teenoor eiser gepleeg is nie. ’n Besering vanweë ’n gevolg soos hier ter sprake is redelikerwys te verwagte in ’n sosiale muurbalwedstryd tussen amateurs en ek kan nie insien dat die ‘algemene redelikeidsmaatstaf’ ... kan verg dat die gevolg as onregmatige daad aangeslaan moet word nie” (701H-I).

Strafregtelike vervolging weens gebeure op die rugbyveld het ook in Suid-Afrika voorgekom. In Junie 2006 het ’n plaaslike klubwedstryd tussen die Delicious rugbyklub van Ceres en die Rawsonville rugbyklub plaasgevind en gemoedere het vanuit die staanspoor hoog geloop. Die wedstryd is in ’n slegte gees gespeel. Daar was verskeie voorvalle van vuil spel en aantygings dat rassistiese opmerkings teenoor die spelers van Delicious gemaak is. Naby aan die einde van die wedstryd het ’n voorval plaasgevind waar Matthee, wat op senter vir Delicious gespeel het, en Loots, wat op losskakel vir Rawsonville gespeel het, aan mekaar geruk en pluk het. Die spel het intussen aanbeweeg, maar Zimri, die agsteman en kaptein van Delicious het by die onderonsie aangesluit en vir Loots teen die keel geslaan. Loots het op die grond geval waarna Zimri hom ook teen die kop geskop het. Loots het aan sy beserings beswyk. Beide Zimri en Matthee is strafregtelik in die streekhof te Worcester aangekla op verskeie klagte wat gewissel het van moord tot aanranding met die opset om ernstig te beseer (*S v Zimri* saaknommer WSH311/2006 ongerapporteer; vir ’n bespreking van hierdie saak sien Prinsloo “Strafregtelike aanspreeklikheid op grond van ’n rugbybesering aan ’n opponent toegedien” 2010 *TSAR* 202). Matthee is vrygespreek, maar Zimri is skuldig bevind aan strafbare manslag en tot vyf jaar gevangenisstraf gevonniss. Prinsloo verduidelik na aanleiding van hierdie saak dat

“’n [d]eelneemer aan sport stem toe tot die risiko’s wat aan die sport verbonde is. ’n Rugbyspeler aanvaar byvoorbeeld dat hy tydens ’n doodvat of ’n vallende skrum beseer kan word. Sodanige toestemming geld egter net ten opsigte van ’n wettige sportsoort of spel-verwante risiko” (203).

6 Bespreking

Regsgedinge wat voortspruit uit gebeure op die sportveld word gewoonlik met ’n aansienlike mate van agterdog en besorgdheid in die sportwêreld bejeën. Aan die een kant is daar die vrees dat ingryping deur die houe die outonomieit van die betrokke sport sal aantast en dat uitslae uiteindelik nie op die speelveld nie, maar in die houe beslis sal word. Aan die ander kant is daar die vrees dat litigasie (en die gepaardgaande aanspreeklikheid in gepaste gevalle) tot so ’n mate kan toeneem dat dit die voortbestaan van die sport in gedrang kan bring. Aan die een kant kan ’n oorvloed van eise of vervolgings daartoe lei dat mense doodeenvoudig, uit vrees dat hulle aanspreeklikheid kan opdoen, nie meer aan die betrokke sport sal deelneem nie, hetsy as atlete of spelers, hetsy as skeidsregters of beamptes, hetsy as administrateurs of ondersteuningspersoneel. ’n Toename in eise of vervolgings kan ook tot gevolg hê dat die betrokke sport finansiële uitgeput word en daarom nie meer volhoubaar is nie. Of die vrees van litigasie of vervolging kan tot gevolg hê dat sportfederasies genoodsaak word om die reëls tot so ’n mate te wysig dat die wese van die sport aangetas word.

Die uitspraak in *Hattingh v Roux* behoort egter nie veel kommer in die sportwêreld te wek nie. Die grondslag waarop Roux aanspreeklik gehou is, hou geensins verband met die aard van rugby as sport of enige aspek van die spel wat in die normale gang van sake van tyd tot tyd op die rugbyveld voorkom nie. Dit hou inderdaad verband met ’n bewuste oortreding van die reëls van rugby en verontagsaming van maatreëls wat ingestel is om die veiligheid van spelers te bevorder. Die deskundige getuies,

wat tesame etlike dekades van ondervinding op die hoogste vlakke van rugby het, was dit eens dat die betrokke taktiek wat Roux gevolg het, nie alleen uiters gevaarlik was nie, maar ook totaal onverwags en ongehoord is.

Die polemiek wentel uiteindelik hoofsaaklik rondom die vraag of die betrokke speler onregmatig opgetree het. Op sy beurt hang die antwoord tot daardie vraag weer af van die vraag tot watter mate die beseerde speler toegestem het tot die risiko van besering. Waar 'n speler aan sport deelneem en daardeur toegestem het tot die risiko van besering en die optrede van 'n teenstander wat hom beseer binne die omvang van die toestemming en die regtens aanvaarde perke val, is die optrede van die teenstander nie onregmatig nie (Cloete *Introduction to Sports Law in South Africa* (2005) 109 *et seq.*). Gevolglik kan daar dan ook geen sprake wees van aanspreeklikheid vir die besering nie.

Regter Fourie verduidelik (par 16) in die *Hattingh*-saak dat onregmatigheid bepaal word aan die hand van die geysde *boni mores*-maatstaf. Dit is 'n objektiewe maatstaf wat berus op redelikheid, die opweeg van botsende belange en ander tersaaklike omstandighede. Hy verwys (par 24) oënskynlik met goedkeuring na Basson en Loubser (*Sport and the Law in South Africa* (2009) 5-13 *et seq.*) wat aandui dat redelikheid bepaal word aan die hand van die reëls en gebruike van die betrokke sport, die vlak van vaardigheid en sorgsaamheid wat van 'n speler verwag kan word en die omstandighede van elke geval.

Wanneer die uitspraak in die *Hattingh*-saak met soortgelyke gevalle hier sowel as elders vergelyk word, is daar duidelik 'n algemene konsensus wat aanspreeklikheid weens sportbeserings aanbetref. Die gevalle wêreldwyd waar spelers en skeidsregters inderdaad aanspreeklik gehou is vir sportbeserings wat ander spelers opgedoen het, het deurgaans een ding gemeen: 'n Onverskillige minagting van die reëls wat vir die betrokke sport geld en wat dikwels daarop gemik is om die veiligheid van spelers te bevorder. In die meeste van die gevalle het die minagting van die reëls voorgekom tydens 'n onderbreking in die spel. Anders as 'n besluit op die ingewing van die oomblik in die hitte van die stryd, het die verweerders of beskuldigdes in hierdie gevalle tyd gehad om die posisie op die veld op te som en gepas ooreenkomstig die reëls op te tree. Nietemin het die speler in die *Hattingh*-saak 'n bewuste besluit geneem om die reëls te verontagsaam en 'n uiters gevaarlike beweging uit te voer. Dieselfde kan van die yshokkiespelers in *R v Gray*, *R v Henderson* en *R v Watson* gesê word. Eweneens het die skeidsregters in *Smoldon v Whitworth* en *Vowles v Evans* voldoende geleentheid gehad om te besin oor reëls, wat uitsluitlik op die veiligheid van spelers gemik was, en dit behoorlik toe te pas. Ten spyte daarvan het hulle versuim om beheer uit te oefen soos wat van skeidsregters verwag kan word.

Die een saak wat uitstaan is *Condon v Basi*, waar die appellant in die hitte van die stryd gepoog het om die bal by 'n ander speler af te neem en hom in die proses beseer het. Hier moes die appellant in 'n oogwink 'n besluit neem en 'n beweging uitvoer om sy teenstander te fnuik. Daar was nie tyd om eers die reëls te oorweeg en dan op 'n gepaste aksie te besluit nie. Dit wil op die oog af onbillik lyk om die appellant in hierdie omstandighede aanspreeklik te hou. Die feite van die geval openbaar egter dat die appellant sy duikslag besonder aggressief uitgevoer het deur sy voete taamliek hoog van die grond te lig en op die respondent in te duik. Daarbenewens is die duikslag laat uitgevoer nadat die respondent reeds die bal na 'n ander speler aangegee het. Daar was dus geen vooruitsig dat die appellant met die bal sou kontak maak nie en die volle impak van die duikslag sou onvermydelik op die respondent se enkels te berde gebring word. Die gewone straf vir 'n onoordeelkundige duikslag tydens 'n sokkerwedstryd is 'n vryskop wat aan die ander span toegeken word. In ernstige gevalle word 'n speler wat 'n gevaarlike duikslag uitvoer boonop met 'n

geel kaart gewaarsku om meer sorg aan die dag te lê. In die geval van *Condon v Basi* is die appellante egter na aanleiding van die duikslag met 'n rooi kaart van die veld gestuur. Dit toon duidelik aan dat appellante 'n baie ernstige oortreding van die reëls begaan het en daarom is dit dan ook reg dat hy aanspreeklik gehou is.

Dit wil ook voorkom of howe oraloor 'n soortgelyke objektiewe toets aanwend om te bepaal of 'n speler wat 'n teenstander beseer buite die perke van toestemming en derhalwe onregmatig opgetree het. Hierdie toets kan soos volg saamgevat word: Eerstens moet die reëls van die betrokke sport redelik wees en nie spelers blootstel aan 'n onredelike risiko van besering nie. Deur aan 'n bepaalde sport deel te neem, stem elke speler toe tot die risiko van beserings wat redelikerwys te wagte kan wees tydens 'n wedstryd. Die omvang van hierdie toestemming word bepaal aan die hand van die reëls van die betrokke sport, die aard van die sport, die amateur of professionele status en ouderdomme van die betrokkenes, die mate van geweld wat gepleeg is, die mate waartoe die optrede 'n risiko van ernstige besering inhou en die wilsingesteldheid waarmee die speler opgetree het.

Indien 'n mens hierdie toets toepas op die feite in die *Hattingh*-saak en die taktiek wat Roux tydens die betrokke skrum toegepas het, is dit duidelik dat dit hoegenaamd nie val binne die omvang van die risiko waartoe Hattingh toegestem het toe hy aan die rugbywedstryd deelgeneem het nie. Roux se optrede was in stryd met die reëls van rugby en het 'n uitermate hoë risiko van ernstige besering ingehou. Die taktiek het daartoe gelei dat Hattingh se nek met aansienlike geweld teen Roux se skouer gebots het. Daarbenewens het Roux willens en wetens op die ongeoorloofde taktiek besluit op 'n tydstop toe die spel onderbreek is. Dit was nie bloot 'n gebrek aan oordeel in die hitte van die stryd nie. Roux het tyd gehad om te besin oor sy optrede en nietemin besluit om 'n gevaarlike beweging uit te voer. Dit is derhalwe nie verbasend nie dat die hof Roux aanspreeklik gestel het vir Hattingh se besering.

7 Slot

Die uitspraak in die *Hattingh*-saak hoef nie veel kommer by sportlui te wek nie. Intendeel, dit behoort verwelkom te word. 'n Speler wat in goeie trou poog om ooreenkomstig die reëls van die betrokke sport deel te neem, sal nie aanspreeklik wees waar 'n teenstander beseer word nie, selfs al is die speler onagsaam of begaan die speler geringe oortredings in die hitte van die stryd. Maar, soos regter Potts in *R v Moss* beaam het, sport is nie 'n lisensie vir boewery is nie. 'n Speler wat bewustelik die reëls van die betrokke sport oortree of wat die reëls minag en ernstige oortredings begaan, kan aanspreeklik gehou word wanneer 'n teenstander in die proses beseer word. En aanspreeklikheid in hierdie verband is nie beperk tot deliktuele aanspreeklikheid nie, maar kan ook strafregtelike vervolging insluit. Die feite in die *Hattingh*-saak kon, in ag genome die verskil in bewyslas, eweneens die grondslag vir 'n strafregtelike vervolging vir aanranding daargestel het. Spelers wat van ongeoorloofde taktiek gebruik maak moet verstaan dat die reg nie onagsaam sal staan teenoor hulle onregmatige optrede bloot omdat dit op die sportveld plaasvind nie. En spelers wat in goeie trou deelneem en poog om ooreenkomstig die reëls van die betrokke sport te speel, behoort beskerm te word teen boewery op die veld net soos wat enige ander landsburger in enige ander milieu regtens beskerm behoort te word.

STEVE CORNELIUS
Universiteit van Pretoria